August/Augustus 2015 **[Find Afrikaans version at the bottom of document]**

In this issue

This issue of the Swartland municipal newsletter focuses on service delivery while also keeping you informed of all municipal activities.

Page 1

Highlands dumping site excels

The Highlands dumping site near Abbotsdale has achieved **GREEN** status in a recent audit of this facility by the provincial authorities.

Page 2

Dam levels dangerously low

The levels of Western Cape dams are such that consumers have little choice but to use water sparingly. Water restrictions seem inevitable.

Page 3

Help us combat fraud

Due to **SM**'s commitment to promote transparency and consumer confidence in the organisation, extensive space is dedicated in this newsletter to provide information about how fraudulent and corrupt activities within the institution are to be approached by the public. Please study carefully.

Page 4

Yzerfontein refuse site to close down

Residents of Yzerfontein will be required to take their builder's rubble and garden refuse to Darling with effect from 11 January 2016.

Green status for Highlands dumping site

Swartland Municipality, being the Waste Licence Holder for the Highlands Waste Disposal Facility near Abbotsdale, has recently been awarded Green status for achieving an overall compliance rating of 98% for an audit conducted by the Western Cape Department of Environmental Affairs and Development Planning (Waste Management Directorate) during June 2015.

Green status is achieved where the overall compliance rating, based on an audit of 34 different conditions, exceeds 85%. Amber or Red status is awarded for compliance ratings between 65% and 84%, and 0% and 64% respectively.

By middle August the audit was conducted at almost half of the 176 landfill sites in the Western Cape. What makes **SM**'s achievement even more remarkable is that the runner-up landfill site at that stage only achieved 68%.

SM wishes to express its sincerest gratitude towards Hein Baumgarten from *Wastegro*, the contractor who has been managing the facility for many years now, as well as all other role-players who are involved in the regular monitoring of the facility.

[PHOTO: Partners in the success of the Highlands landfill site: Freddie Bruwer, manager cleansing services at SM and Hein Baumgarten from Wastegro.]

General valuation of properties

The general valuation of properties in the Swartland is in the final stages of completion. The physical inspection of all properties has been completed, property sales have been analysed, regression statistics determined and valuation principles applied.

The following dates are important milestones during the valuation process:

15 August 2015	The provisional valuation rolls were received for internal verification.
16 October 2015	The municipal valuator will hand over the final valuation rolls.
21 October 2015	Public notices regarding the inspection of the general valuation roll and the raising of objections will be published. Notices will also be mailed to all owners.
21 October to 30 November 2015	Objection period
January 2016	Finalisation of objections
Implementation	The valuation date is 1 July 2015, with implementation with effect from 1 July 2016.

Enquiries: Hermaine van der Sluys

PAGE 2

Snippets / Brokkies

- An **interruption in power supply** will be experienced in Yzerfontein on Wednesday 14 October 2015 between 08:00 and 17:00 in order to afford Eskom the opportunity to repair a transformer oil leak.
- The Municipal Demarcation Board is in the process of finalising the delimitation of municipal ward boundaries for purposes of the **local elections** during 2016. Special registration week-ends for voters are planned for 6 & 7 February and 5 & 6 March 2016 at the various voting stations within the municipal area. Enquiries: Kelly Cloete at 022 482 4179
- **Mayoral golf day**: The Executive Mayor will be hosting a golf day at the Moorreesburg Golf Club on Thursday 15 October 2015, all proceeds of which will go to poverty alleviation. Persons and institutions who wish to assist by way of sponsorships or prizes are invited to contact Hanjo Kotze, Alwyn Zaayman or Ilse Loock.
- **MIG achievement**: For the fifth year in a row, **SM** has received a certificate of recognition from the Department of Local Government for achieving a 100% spending of its annual Municipal Infrastructure Grant (MIG) allocation. For 2014/15 the full amount of R19 913 000 was spent, mainly in respect of the new Riebeek Valley Waste Water Treatment Plant.

Western Cape dams running dangerously low

If the current low rainfall persists, consumers in the Western Cape could be expecting severe water restrictions later this year. The Department of Water Affairs will by end October 2015 announce whether or not restrictions are to be implemented.

In the meantime, consumers in the Swartland are cautioned to use water sparingly, by following the tips elsewhere on this page.

Of great concern is the following statistics, which necessitate proactive conduct:

	Voëlvlei Dam Storage (%)			**Paardenberg Dam Storage**			**Rainfall figures (mm)**		
	May	**June**	**July**	**May**	**June**	**July**	**May**	**June**	**July**
2013	51	60	80	36	40	75	32	166	87
2014	65	88	94	70	84	95	53	123	101
2015	38	41	47	37	20	24	20	88	76

Help save our most vital resource by following the following tips.
You're either water wise or without water.

- Close the tap while brushing your teeth or shaving.
- Don't rinse your hands or do washing under running water.
- Irrigate or water your garden when evaporation is low, i.e. during the night or early morning and preferably not when the wind is blowing.
- Install a brick in your toilet cistern to use less water when flushing.
- Use bath- or rinse-water to water your garden.
- Rather shower than bath, or share a bath.
- Fix leakages and dripping taps.

Vandalism out of control

Swartland Municipality is being plagued by a wave of infrastructure theft and vandalism, even including a cash-in-transit robbery earlier this year. The increasing damage to infrastructure hampers service delivery and results in significant insurance claims.

In the past six months, insurance claims to the tune of R1,941 million were submitted as a result of theft and vandalism. Replacing manhole covers and water meters alone costs the municipality approximately R150 000 per year.

Facilities at sports grounds, such as change rooms and floodlights, as well as water pumping stations and reservoirs, municipal buildings and community halls, infrastructure such as street lights, electricity distribution boxes, transmission lines, sewerage and water infrastructure and communication equipment are among those typically targeted, and copper cables, copper water pipes, water meters and taps, manhole covers, computers and associated equipment, fencing, etc. are stolen and damaged.

The theft and vandalism often result in power and water supply interruptions.

The public is called on to assist in clamping down on the guilty parties and to remain vigilant to prevent such incidents. Any suspect activities observed at municipal infrastructure should please be immediately reported.

[PHOTO: Lesley Moses]
On 18 June 2015, LESLEY MOSES, municipal caretaker in Riebeek West, acted bravely in response to a request of Riebeek West councillor Zain Abrahams and Neville Quickfall, Head: Buildings and Structures. Moses's swift response to Riebeek West police's Constable Amerika and Sergeant Arendse's suspicions, and his personal visit to a local scrapyard, resulted in the timeous and positive identification of steel bars, presumably removed from the Riebeek West sports grounds, as the property of **Swartland Municipality**. Pictured here is Detective Sergeant L Cloete (left) of the Riebeek West police taking a statement from Moses. A charge of theft and possession of stolen property has been filed.

PAGE 3

Fraud and corruption an organisation's nightmare

Poor economic conditions and subsequent work losses, a scarcity of work opportunities and poverty dominate on the South African news front on a daily basis. It is therefore not surprising that the use of bribery and corruption for the purpose of satisfying needs is thriving in our country. Although employees are the first line of defence against fraud in an organisation, they are also an organisation's biggest risk factor for fraud.

Bribery can be defined as 'the act of giving something, often illegally, to a person to procure services or gain influence', whereas **corruption** is defined as 'to be involved in bribery or other dishonest practices'. Normally, the word 'corruption' is used to refer to the conduct of a person who accepts a bribe.

Employers are victims of bribery and corruption in a number of different ways. Here are some examples:

- The institution's buyer could accept a bribe from a supplier in return for agreeing to order the supplier's products instead of those of other potential suppliers.
- A company executive could bribe a potential client to award the company a tender.
- A building inspector could be bribed to ignore contraventions of building regulations.
- Traffic officers could be bribed to persuade them not to issue a motorist with a traffic fine and/or to issue drivers' licences although the applicants failed their tests.
- A human resources official could accept a bribe in return for giving a job applicant a post.

Fraud is defined as 'making an illegal and deliberate misrepresentation, which leads to real or potential disadvantage or advantage to others'. **Theft**, on the other hand, constitutes the illegal and deliberate misuse of property in another person's lawful possession, with the aim of permanently depriving the owner of his/her rights.

Examples of fraud and theft include the following:

- Fraud in adjusting specifications to benefit certain contractors or suppliers
- Theft of electricity and water by means of illegal connections
- Misusing the employer's assets, such as equipment, vehicles and labour, for personal gain
- Doing private work in work hours

Employers need to bring disciplinary proceedings against such employees if they want to rid themselves of a dishonest employee. In order to stamp out these practices employers also need to bring criminal charges against employees who perpetrate these crimes. Evidence is crucial.

What is Swartland Municipality doing to root out fraud and corruption?

In February 2009, Swartland Municipality adopted and implemented a strategy to prevent and combat fraud and corruption in order to promote ethical conduct in the organisation.

The municipality follows a zero-tolerance policy in respect of fraud and corruption. ALL acts of fraud and corruption that are detected or reported will be investigated and followed up by applying all measures available within the full extent of the law, and appropriate control measures for the prevention and detection of fraud and corruption will also be implemented.

The aim of the strategy is to facilitate better service delivery and financial control by inspiring a renewed focus on transparency, discipline, professionalism and integrity in employees, thereby also promoting the community's confidence in the municipality.

Councillors and municipal officials are expected to comply with the code of conduct contained in the Municipal Systems Act 32 of 2000. The Code of Conduct for Municipal Employees imposes, inter alia, the following obligations on officials:

- To diligently execute the lawful policy directives of the municipal council
- To carry out official functions in good faith, meticulously, honestly and transparently
- To act in the best interests of the municipality and in such a way so as not to compromise the credibility and integrity of the municipality
- To act without bias and treat all persons, including fellow employees, equally and without favour or prejudice

Some of the further steps that were taken to mitigate or minimalise the risk related to fraud and corruption are the following:

- Council members, the municipal manager, directors, bid committee members and supply chain management personnel must declare their external business interests and other relevant information that may reflect a potential conflict of interest.
- Bid specification-, bid evaluation- and bid adjudication- committees have been implemented to ensure tenders/contracts are awarded in an honest, fair, impartial, transparent and accountable manner.
- A gift policy has also been approved and a gift register implemented whereby all gifts received are recorded. A form is completed declaring the detail of the gift which needs to be approved prior to accepting thereof.
- The municipal council has established a disciplinary board to investigate allegations of financial misconduct in the municipality and to monitor the institution of disciplinary proceedings against an alleged transgressor. It is an independent advisory body that assists council with the investigation of allegations of financial misconduct, and provide recommendations on further steps to be taken.

SM has furthermore implemented a policy in May 2015 regarding irregular, unauthorised or fruitless and wasteful expenditure, to – inter alia – emphasise the accountability of employees, ensure that resources made available to employees are utilised efficiently, effectively, economically and for authorised official purposes in compliance with all relevant legislation, and to ensure that irregular, unauthorised or fruitless and wasteful expenditure is detected, processed, recorded and reported timeously.

What can the public do?

Fraud and corruption must be reported if observed by the public or staff, to ensure that transgressors are brought to book. It is important to immediately report incidents and provide sufficient information, such as the following:

- **Who** was there and who else witnessed it (provide names and/or clear descriptions)
- **Where** did it happen – provide location, street names, address
- **When** did it happen – provide exact date and time
- **What** happened or was stolen, such as quantity, vehicle registration numbers, vehicle colour
- **How** was it done – provide a full description of what was seen and what happened
- **Pictures** (with date and time) may assist in the investigation.

IMMEDIATELY REPORT INCIDENTS to any of the following persons: Municipal Manager Joggie Scholtz, Internal Auditor Pierre le Roux or any director. You may also call the **corruption hotline** on **0800 701 701**.

Coming to fire victims' aid

Swartland Municipality is one of the few municipalities in South Africa that assists residents when their homes have been destroyed or damaged by fire. The municipal policy provides that support will be rendered in the form of **building materials to a value of R12 000,00**, particularly where the occupant of the home does not have the means to effect the necessary repairs.

This assistance provided by the municipality should be seen as a **gesture of empathy**, and will occur in partnership with victims themselves as well as other sources of aid.

Where damage to homes necessitates the structures to be demolished, the municipality even goes a step further by applying to Provincial Government for funding to rebuild the homes.

During the 2014/15 financial year, Swartland Municipality spent R354 458,47 assisting those whose homes got damaged or destroyed by fire.

In this vein, however, we would like to call on the public to be extremely careful when lighting candles, lamps, braai and other fires, cigarettes, etc. Many of the fires experienced can be avoided by being more careful and vigilant.

[PICTURE: From left to right: Gerhard Larey (senior foreman), Deputy Mayor Maude Goliath and Fire Chief Jacques Smith enter a home in Wesbank, Malmesbury, to inspect the quality of the disaster relief provided.]

Where have all the trees gone?

To kick off the Regional Socio-Economic Programme, residents of Wesbank, Saamstaan and Ilinge Lethu in Malmesbury enthusiastically took part in a tree-planting ceremony on Youth Day earlier this year, during which 65 trees were planted, mainly in Alfa Street.

Sadly however, only two months later, these trees have been so badly damaged, looted and removed that only approximately a third of them remain.

Projects such as this, through which we seek to make a difference in our communities, can only be successfully implemented if *all* residents take hands and accept ownership. You can help the municipality (and your own people) by accepting responsibility for the tree planted nearest to your home, watering it and caring for it as if it were your own.

Swartland Municipality aims to replace the damaged or removed trees shortly in conjunction with community representatives. Please partner with us to ensure the success of the project.

Planning for the park opposite the Rooi Winkel in Alfa Street as well as the park in Holomisa Street is well under way.

Yzerfontein landfill site to close down

Yzerfontein residents are to note that their refuse landfill site will officially close on 9 January 2016.

As from 11 January 2016 all builders' rubble and bulky garden refuse will have to be taken to the Darling landfill site by Yzerfontein residents. The refuse transfer station at the landfill site will however remain open for household refuse and small amounts of garden refuse, e.g. lawn cuttings, leaves and thin branches.

For more information, please contact Freddie Bruwer.

August/Augustus 2015

In hierdie uitgawe

Hierdie uitgawe van die munisipale nuusbrief vir die Swartland konsentreer op dienslewering, en hou u ook op hoogte van alle munisipale aktiwiteite.

Bladsy 1

Highlands stortingsterrein presteer

Die Highlands stortingsterrein naby Abbotsdale het **GROEN** status behaal in 'n onlangse oudit van hierdie fasiliteit deur die provinsiale owerhede.

Bladsy 2

Damvlakke kommerwekkend laag

Die vlakke van die Wes-Kaapse damme is sodanig dat verbruikers nie anders kan as om water spaarsamig te gebruik nie. Waterbeperkings blyk onafwendbaar.

Bladsy 3

Help bekamp bedrog

Weens **Swartland Munisipaliteit** se verbintenis om deursigtigheid en kliëntevertroue in die organisasie te bevorder, word heelwat ruimte in hierdie nuusbrief afgestaan aan inligting oor hoe die publiek bedrieglike en korrupte aktiwiteite in die instelling moet benader. Bestudeer dit asseblief sorgvuldig.

Bladsy 4

Yzerfontein stortingsterrein sluit eersdaags

Inwoners van dié dorp moet van 11 Januarie 2016 af hul bourommel en tuinvullis na Darling neem.

Groen status vir Highlands-stortingsterrein

Swartland Munisipaliteit, die lisensiehouer van die Highlands-vullisterrein naby Abbotsdale, het onlangs groen status ontvang nadat dit in Junie 2015 'n algehele voldoeningspunt van 98% behaal het in 'n oudit deur die Wes-Kaapse Departement van Omgewingsake en Ontwikkelingsbeplanning (Direktoraat Afvalbestuur).

Groen status word toegeken waar die algehele voldoeningspunt op grond van 'n oudit van 34 verskillende faktore 85% oorskry. Geel status word toegeken vir voldoeningspunte tussen 65% en 84%, en rooi status vir punte tussen 0% en 64%.

Die oudit is teen die middel van Augustus by bykans die helfte van die 176 opvulterreine in die Wes-Kaap uitgevoer. Wat **Swartland Munisipaliteit** se prestasie selfs meer merkwaardig maak, is dat die tweede beste opvulterrein in daardie stadium slegs 68% behaal het.

Swartland Munisipaliteit spreek graag sy opregte dank uit teenoor Hein Baumgarten van Wastegro, die kontrakteur wat al vir 'n hele paar jaar die bestuur van die fasiliteit behartig, sowel alle ander rolspelers wat by die gereelde monitering van die fasiliteit betrokke is.

[FOTO: Vennote in die sukses van die Highlands-opvulterrein: Freddie Bruwer, Bestuurder: Reinigingsdienste by Swartland Munisipaliteit, en Hein Baumgarten van Wastegro.]

Algemene waardasie van eiendomme

Die algemene waardasie van eiendomme in die Swartland is in die laaste pylvak van voltooiing. Die fisiese inspeksie van alle eiendomme is reeds afgehandel, eiendomsverkope is ontleed, regressie-statistieke is bepaal en waardasiebeginsels is toegepas.

Van belang in die waardasieproses is die volgende datums:

15 Augustus 2015	Die voorlopige waardasierolle is ontvang om intern nagegaan te word.
16 Oktober 2015	Die finale waardasierolle word deur die munisipale waardeerder oorhandig.
21 Oktober 2015	Publieke kennisgewings rakende die 'Inspeksie van die Algemene Waardasierol en aantekening van besware' word gepubliseer. Kennisgewings sal ook aan alle eienaars gepos word.
21 Oktober tot 30 November 2015	Beswaartydperk
Januarie 2016	Afhandeling van besware
Implementering	Die datum van waardasie is 1 Julie 2015. Implementering geskied 1 Julie 2016.

Navrae: Hermaine van der Sluys

PAGE 2

Snippets / Brokkies

- 'n **Kragonderbreking** sal op Woensdag,14 Oktober 2015 tussen 08:00 en 17:00 in Yzerfontein plaasvind om aan Eskom die geleentheid te bied om 'n transformator-olielek te herstel.
- Die Munisipale Afbakeningsraad handel tans die vasstelling van munisipale wyksgrense af met die oog op die **plaaslike regeringsverkiesing** in 2016. Spesiale kiesersregistrasienaweke word vir 6 en 7 Februarie sowel as 5 en 6 Maart 2016 by die verskillende stemlokale in die munisipale gebied beplan. Navrae: Kelly Cloete by 022 482 4179.
- **Burgemeestersgholfdag**: Die Uitvoerende Burgemeester bied op Donderdag, 15 Oktober 2015 'n gholfdag aan by die Moorreesburg Gholfklub, waarvan die opbrengs ten behoewe van armoedeverligting aangewend sal word. Persone en instansies wat borgskappe of pryse wil bewillig, word genooi om met Hanjo Kotze, Alwyn Zaayman of Ilse Loock in verbinding te tree.
- **MIG-prestasie**: Swartland Munisipaliteit het vir die vyfde agtereenvolgende jaar 'n erkenningsertifikaat van die Departement van Plaaslike Regering ontvang vir die besteding van 100% van sy jaarlikse munisipale infrastruktuurtoelaag (MIG). Die totale bedrag van R19 913 000 vir die boekjaar 2014/15 is bestee, hoofsaaklik aan die nuwe afvalwatersuiweringsaanleg vir die Riebeekvallei.

Wes-Kaapse damvlakke gevaarlik laag

As die huidige lae reënval voortduur, kan verbruikers in die Wes-Kaap later vanjaar ernstige waterbeperkings te wagte wees. Die Departement van Waterwese sal teen die einde van Oktober 2015 bekend maak of beperkings ingestel sal word of nie.

Intussen word verbruikers in die Swartland gemaan om suinig met water te werk te gaan deur die wenke elders op hierdie blad te volg.

Die volgende statistieke is onrusbarend en vereis proaktiewe optrede:

	Voëlvlei-damvlak (%)			**Paardenberg-damvlak (%)**			**Reënvalsyfers (mm)**		
	Mei	**Junie**	**Julie**	**Mei**	**Junie**	**Julie**	**Mei**	**Junie**	**Julie**
2013	51	60	80	36	40	75	32	166	87
2014	65	88	94	70	84	95	53	123	101
2015	38	41	47	37	20	24	20	88	76

Help bespaar ons noodsaaklikste hulpbron met die volgende wenke. Die keuse is eenvoudig: Wees slim met water, of wees sonder water.

- Moenie tande borsel of skeer met die kraan wat aanhoudend loop nie.
- Moenie onder lopende water hande afspoel of opwas nie.
- Besproei of lei die tuin nat wanneer verdamping op sy laagste is, met ander woorde snags of vroegoggend, en verkieslik nie as die wind waai nie.
- Plaas 'n baksteen in die toiletbak sodat dit minder water gebruik om te spoel.
- Gebruik bad- of spoelwater om die tuin nat te lei.
- Stort eerder as bad, of deel badwater.
- Maak lekkasies en druppende krane onmiddellik reg.

Vandalisme ruk handuit

SM ondervind 'n vlaag van diefstal en vandalisme van infrastruktuur, wat selfs 'n transito rooftog vroeër vanjaar ingesluit het. Die toenemende beskadiging van infrastruktuur belemmer dienslewering en bring aansienlike versekeringseise mee.

Gedurende die afgelope ses maande is versekeringseise ten bedrae van R1.941 miljoen rand ingedien as gevolg van diefstal en vandalisme. Die vervanging van mangatdeksels en watermeters alleen beloop gemiddeld ongeveer R150 000 per jaar.

Tipies word fasiliteite by sportvelde soos kleedkamers en spreiligte, waterpompstasies en reservoirs, munisipale geboue en gemeenskapsale, infrastruktuur soos straatligte, elektriese verspreidingskaste, transmissielyne, riool- en waterinfrastruktuur en kommunikasietoerusting geteiken en word koperkabels, koperwaterpype, watermeters en krane, mangatdeksels, rekenaars en gepaardgaande toerusting, draadomheinings, ens. gesteel en beskadig.

Onderbrekings van elektrisiteit en watervoorsiening is dikwels die gevolg van diefstal en vandalisme.

Daar word 'n beroep gedoen dat die publiek behulpsaam moet wees met die bekamping daarvan en op die uitkyk moet wees om insidente te verhoed. Enige verdagte aktiwiteite wat waargeneem word by munisipale infrastruktuur moet asseblief onverwyld gerapporteer word.

[FOTO: Lesley Moses]
LESLEY MOSES, munisipale opsigter te Riebeek-Wes het op 18 Junie 2015 op 'n brawe wyse gereageer op 'n versoek van Riebeek-Wes se raadslid Zain Abrahams en Neville Quickfall, hoof: geboue en strukture. Moses se flinke reaksie op 'n vermoede van konstabel Amerika en sersant Arendse van die Riebeek-Wes polisie, en sy persoonlike besoek aan 'n plaaslike skrootwerf, het daartoe aanleiding gegee dat staalstawe wat vermoedelik van die Riebeek-Wes sportgronde verwyder was, betyds en positief uitgeken kon word as eiendom van **SM**. Op die foto neem speursersant L Cloete (links) van die Riebeek-Wes polisie 'n formele verklaring af van Moses. 'n Klag van diefstal en besit van gesteelde eiendom is aanhangig gemaak.

BLADSY 3

Bedrog en korrupsie 'n nagmerrie vir enige organisasie

In Suid-Afrika is swak ekonomiese omstandighede en daaropvolgende werksverliese, werkskaarste en armoede heeldag en aldag in die nuus. Daarom is dit geen verrassing dat omkopery en korrupsie ten einde in bestaansbehoeftes te voorsien, hooggety vier in ons land nie. Hoewel werknemers as die eerste linie van verdediging teen bedrog in 'n organisasie dien, is hulle ook 'n organisasie se grootste risikofaktor vir bedrog.

Omkopery kan beskryf word as 'die handeling om iets, dikwels onwettig, te gee aan 'n persoon om dienste te bekom of invloed te verkry', terwyl **korrupsie** omskryf word as 'betrokkenheid by omkopery of ander oneerlike praktyke'. Die woord 'korrupsie' word dikwels gebruik om te verwys na die optrede van 'n persoon wat omkoopgeld of -goedere aanvaar.

Werknemers is op 'n hele paar verskillende maniere maklike teikens vir omkopery en korrupsie. Hier is 'n paar voorbeelde:

- Die aankoper van 'n instelling kan omkoopgeld van 'n verskaffer aanvaar in ruil vir die ooreenkoms dat die instelling produkte by daardie verskaffer eerder as by ander moontlike verskaffers sal bestel.
- 'n Maatskappybestuurder kan 'n moontlike kliënt omkoop om 'n tender aan die maatskappy toe te ken.
- 'n Bouinspekteur kan omgekoop word om oortredings van bouregulasies 'mis te kyk'.
- Verkeersbeamptes kan omgekoop word om nie 'n verkeersboete uit te skryf nie en/of om 'n rybewys uit te reik selfs al het die aansoeker die bestuurstoets gedruip.
- 'n Amptenaar in menslike hulpbronne kan omkoopgeld aanvaar en in ruil daarvoor 'n werksaansoeker 'n pos gee.

Bedrog word omskryf as 'om 'n onwettige en opsetlike wanvoorstelling te maak, wat lei tot werklike of potensiële benadeling of vooroordeel teenoor ander'. **Diefstal**, daarenteen, behels die onwettige en opsetlike misbruik van 'n ander se eiendom wat in sy of haar regmatige besit is, met die doel om die eienaar permanent van sy of haar regte te ontneem.

Voorbeelde van bedrog en diefstal sluit die volgende in:

- Bedrog met die aanpas van spesifikasies om sekere kontrakteurs of verskaffers te bevoordeel.
- Diefstal van elektrisiteit en water deur middel van onwettige aansluitings.
- Misbruik van die werkgewer se bates, soos toerusting, voertuie en arbeid vir eie gewin.
- Die doen van privaatwerk in werkstyd.

Werkgewers moet dissiplinêre stappe doen teen sulke werknemers indien hulle van 'n oneerlike werknemer ontslae wil raak. Om hierdie praktyke uit te roei, moet werkgewers ook 'n strafregtelike klag indien teen werknemers wat hierdie misdrywe pleeg. Bewyse is noodsaaklik.

Wat doen Swartland Munisipaliteit in die stryd teen bedrog en korrupsie?

Swartland Munisipaliteit het 'n strategie vir die voorkoming en bestryding van bedrog en korrupsie aanvaar en in Februarie 2009 geïmplementeer om etiese gedrag binne die organisasie te bevorder.

Die munisipaliteit volg 'n beleid van zero-verdraagsaamheid ten opsigte van bedrog en korrupsie. ALLE dade van bedrog en korrupsie wat ontdek of gerapporteer word, sal ondersoek en opgevolg word deur alle maatreëls wat binne die volle omvang van die wet beskikbaar is, toe te pas, asook om gepaste beheermaatreëls vir die voorkoming en opsporing van bedrog en korrupsie te implementeer.

Die doel met die strategie is om beter dienslewering en finansiële beheer te bewerkstellig deur die hernieude fokus op deursigtigheid, dissipline, professionaliteit en integriteit by sy werknemers aan te wakker en sodoende die gemeenskap se vertroue in die munisipaliteit te bevorder.

Raadslede en munisipale amptenare moet voldoen aan die Gedragskode soos uiteengesit in die Stelselswet, Wet 32 van 2000. Die Gedragskode vir Munisipale Personeellede plaas onder andere die volgende verpligtinge op amptenare:

- Om die wettige beleidsrigtings van die munisipale raad getrou uit te voer;
- Om ampsfunksies te goeder trou, noulettend, eerlik en op 'n deursigtige wyse te verrig;
- Om in die beste belang van die munisipaliteit op te tree en op so 'n wyse dat die geloofwaardigheid en integriteit van die munisipaliteit nie gekompromitteer word nie; en
- Om onpartydig op te tree en alle mense, insluitende ander personeellede, gelykwaardig en sonder begunstiging of vooroordeel te behandel.

Van die verdere stappe wat gedoen is om die risiko van bedrog en korrupsie teen te werk of te beperk, is soos volg:

- Raadslede, die munisipale bestuurder, direkteure, bodkomiteelede en personeel in verskaffingskettingbestuur moet verklarings aflê oor hulle eksterne sakebelange sowel as ander tersaaklike inligting wat op 'n moontlike belangebotsing kan dui.
- Bodspesifikasie-, bodevaluering- en bodbeoordelingskomitees is ingestel om te verseker dat tenders/kontrakte op 'n eerlike, billike, onpartydige, deursigtige en verantwoordbare wyse toegeken word.
- 'n Geskenkbeleid is ook goedgekeur en 'n geskenkregister ingestel waarin alle geskenke wat ontvang word, aangeteken moet word. 'n Vorm word voltooi wat die besonderhede van die geskenk uiteensit, welke vorm goedgekeur moet word voordat die geskenk aanvaar word.
- Die munisipale raad het 'n dissiplinêre raad op die been gebring om ondersoek in te stel na beweerde finansiële wangedrag in die munisipaliteit, en om dissiplinêre stappe teen 'n beweerde oortreder te moniteer. Dit is 'n onafhanklike adviesraad wat die munisipale raad bystaan met die ondersoek van beweerde finansiële wangedrag, en verdere optrede by die raad aanbeveel.

Daarbenewens het **Swartland Munisipaliteit** in Mei 2015 'n beleid oor onreëlmatige, ongemagtigde of nuttelose en verkwistende besteding in werking gestel. Die beleid sal onder andere die rekenpligtigheid van werknemers beklemtoon, verseker dat hulpbronne tot werknemers se beskikking doeltreffend, doelmatig, ekonomies en vir gemagtigde amptelike doeleindes, in pas met alle tersaaklike wetgewing, aangewend word, en ook toesien dat onreëlmatige, ongemagtigde of nuttelose en verkwistende besteding betyds opgespoor, verwerk, aangeteken en aangemeld word.

Wat kan die publiek doen?

Bedrog en korrupsie moet gerapporteer word indien die publiek of personeel dit opmerk, sodat die oortreders aan die pen kan ry. Dit is belangrik om sake onmiddellik aan te meld en genoegsame inligting te verskaf sodra u die kans kry, soos bv. die volgende:

- **Wie** daar was en wie dit ook gesien het (verskaf name en/of duidelike beskrywings)
- **Waar** dit gebeur het – verskaf plek, straatname, adres
- **Wanneer** dit gebeur het – verskaf presiese datum en tyd
- **Wat** gebeur het of geneem is, bv hoeveelheid, voertuigregistrasienommers, kleur van voertuie
- **Hoe** dit gedoen is – verskaf 'n deeglike omskrywing van wat gesien is en wat gebeur het.
- **Foto's** (met datum en tyd) kan help met die ondersoek.

MELD DIT ONMIDDELLIK AAN by enige van die volgende persone: Munisipale Bestuurder (Joggie Scholtz), Interne Ouditeur (Pierre le Roux) of enige direkteur. U kan ook die **Korrupsie inbellyn** skakel by **0800 701 701**.

Hulpverlening aan die slagoffers van brande

Swartland Munisipaliteit is een van die min munisipaliteite in Suid-Afrika wat hul inwoners bystaan wanneer hul wonings brandskade ly of afbrand. Die beleid van **SM** bepaal dat ondersteuning in die vorm van **boumateriaal tot 'n waarde van R12 000,00** verleen sal word, veral in daardie gevalle waar die huisbewoner nie in die finansiële posisie is om op sy eie die nodige herstelwerk te doen nie.

Die hulp wat die munisipaliteit voorsien, moet beskou word as 'n **gebaar van empatie** en sal geskied in vennootskap met die slagoffer self sowel as ander hulpverleners.

Indien die wonings só erg beskadig is in die brand dat dit gesloop moet word, gaan die munisipaliteit self 'n stappie verder deur by die Provinsiale Regering aansoek te doen vir fondse om die huise te herbou.

Gedurende die 2014/2015 finansiële jaar het Swartland Munisipaliteit R354 458,47 spandeer om mense by te staan waar hul wonings gebrand het.

Langs hierdie weg wil ons egter ook die publiek versoek om baie versigtig om te gaan met kerse, lampe, braai- en ander vure, brandende sigarette, ens. Baie van die brande wat voorkom, kan verhoed word indien die publiek net 'n bietjie meer versigtig optree.

[FOTO: V.l.n.r.: Gerhard Larey (senior voorman), raadslid Maude Goliath (onderburgemeester) en Jacques Smith (brandweerhoof) gaan 'n woning in Wesbank, Malmesbury binne om die gehalte van die ramphulp wat verleen is, te inspekteer.]

Waar is bome heen?

Ter afskop van die sg RSEP (*Regional Socio-Economic Programme*) het die inwoners van Wesbank, Saamstaan en Ilinge Lethu in Malmesbury op Jeugdag vanjaar met groot entoesiasme deelgeneem aan 'n boomplantingseremonie waartydens 65 bome in hoofsaaklik Alfastraat aangeplant is.

Twee maande later is die bome egter só verniel, geplunder en verwyder dat net sowat 'n derde van die bome nog staande is.

Projekte soos hierdie, waardeur ons 'n verskil in ons gemeenskappe wil maak, kan slegs suksesvol uitgerol word as *alle* inwoners hande vat en eienaarskap neem daarvan. U kan die munisipaliteit (en u eie mense) help deur verantwoordelikheid te neem van die boom wat naaste aan u huis geplant is deur dit water te gee en soos u eie te versorg.

SM beoog om die bome wat verniel of verwyder is binnekort te vervang in samewerking met verteenwoordigers van die gemeenskap. Staan ons asb as vennote by om die sukses van die projek te verseker.

Die beplanning van die parkie oorkant die Rooi Winkel in Alfstraat en dié in Holomisastraat vorder flink.

Yzerfontein-opvulterrein sluit

Yzerfontein-inwoners moet asseblief kennis neem dat hulle vullisterrein amptelik op 9 Januarie 2016 sal sluit.

Vanaf 11 Januarie 2016 moet Yzerfontein-inwoners alle bourommel en bonkige tuinvullis na die Darling-opvulterrein neem. Die afvaloorlaaistasie by die opvulterrein sal egter oop bly vir huishoudelike afval en klein hoeveelhede tuinvullis, soos grassnysels, blare en dun takke.

Vir meer inligting, skakel asseblief met Freddie Bruwer.